HAND IN HAND

HANDE OORGEE

WELKOM

Vandag gaan ons saam gesels oor die moeilik en maklik van oorgee.

Gooi die dobbelsteen en vertel vir mekaar wat vir jou maklik is en wat vir jou moeilik is. Die getal van die dobbelsteen bepaal hoeveel dinge jy moet noem.



NO HAND HANDSHAKE

Dis tyd vir ons *No Hand Handshake*. Elke keer gaan ons nog 'n beweging leer.

1. Staan 1 meter uitmekaar
2. Strek jou regterhand na mekaar uit.
3. Raak nou met jou linkerhand aan jou oor.

WONDER

Lees Psalm 31
Kyk dan saam na hierdie video.

ONTHOU-VERS

Psalm 31:6

"In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak."

GESELS SAAM

Hier in Psalm 31 praat Dawid met die Here. Hy praat van sy lewe wat in die Here se hand is.

- Hoe voel dit vir jou as jy bang is?
- By wie wil jy wees as jy bang is?
- Wat dink jy kan Jesus vir jou doen as jy bang is?

WEES

Draai jou handpalms na bo en sê: "Jesus, in U hande gee ek my lewe oor."

Wanneer ons saam is, hoef ons nie bang te wees nie. In Psalm 31:21 sê Dawid vir ons dat God altyd by ons is, en ons beskerm van alle slegte dinge

WEGSTUUR

Draai almal nou hulle handpalms na bo en sê: "Een, twee, drie, drukkie!"

Plant 'n boontjie tussen watte en hou dit nat totdat dit groot genoeg is om oor te plant in 'n potjie. So kan jy dan sien dat die Here vir alles sorg. As Hy dan sorg dat die saadjie ontkiem en groei, hoeveel te meer sal Hy vir jou sorg?